# Wellington

## Fontein van onderwys

—deur Peter Hammond

Die ou stasiegebou

**Wellington is bekend vir sy onderwysinstellings, veral dié wat deur dr. Andrew Murray, gevestig is.**

Geleë aan die voet van die Groenberg en Hawequaberge op die oewer van die Krommerivier, vorm Wellington die kern van die Kaapse wynlande. Dit lê ook aan die voet van een van die oudste bergpasse in die land, Bainskloofpas, wat deur die baaspadbouer, Andrew Geddes Bain, gebou is.

Die dorp, gestig in 1840, is na die hertog van Wellington genoem, wat Napoleon by die Slag van Waterloo (1815) verslaan het. Vroeër het die Franse Hugenote die area Val du Charron genoem, of Wagenmakersvallei. Die Bybelse wêreldbeskouing van die Franse Protestante het die geestelike konteks geskep wat die belangrike geestelike grondslag sou lê vir die groot werk wat Andrew Murray later in die gebied sou kom doen.

### Fontein van onderwys

Wellington is bekend vir sy onderwysinstellings, veral dié wat deur Wellington se beroemdste persoonlikheid, NG Kerk predikant dr. Andrew Murray, gevestig is. Hy vestig die Afrika-instituut in 1877 waar honderde sendeling opgelei is wat kerke en skole oral in Afrika gestig het; hy stig ook die Hugenote-kollege wat onderwysers oplei.

### Baanbrekerswerk vir tersiêre opleiding vir meisies

Andrew Murray het 'n omwenteling in die onderwys vir meisies teweeggebring deur die Hugenote-kollege te stig (van 1920 tot 1950 bekend as die Hugenote Universiteitskollege); eerstens deur die ontwikkeling van 'n meisieskool (Hugenote-seminarie) in 1874 en later deur die stigting van die Hugenote-kollege.

Sy visie vir die verskaffing van tersiêre onderwys vir meisies het die grondslag vir baie skole oral in die Boland en Suid-Afrika gelê. Met sy bedieningsreise oral in die Karoo het dr. Andrew Murray hom ontferm oor die hoeveelheid meisies wat 'n gebrek aan opleiding gehad het. In 1898 het hy die Hugenote-kollege in Murraystraat gestig.

Die eerste 36 vrouestudente het van oral in Suid-Afrika en van sendingstasies in Rhodesië en Njassaland gekom vir 'n verskeidenheid akademiese rigtings, insluitend die praktiese toepassing daarvan. Die Andrew Murray Kinderhuis vir weeskinders is ook gevestig, veral na die tragiese lewensverlies gedurende die Anglo-Boereoorlog.

Die Wellingtonkampus van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie is blykbaar die enigste instelling in die Wes-Kaap wat steeds onderwysopleiding in Afrikaans aanbied.

Wellington is ook die hoofkwartier van Bybel Media asook die Andrew Murray Sentrum. Wellington se ryke intellektuele en akademiese kultuur lok elke jaar 2 300 studente van oral in land om by hierdie verskeie tersiêre instellings te kom studeer.

**Wellington word omring deur majestueuse berge, wingerde en vrugteboorde; tydens 'n rit op die vele skilderagtige roetes is daar onverbeterlike panoramas van die Swartland.**

### Vrugbare landbougrond

Die plase wat rondom hierdie dinamiese Bolandse dorp floreer, sluit sommige van die beste wingerde en boorde in: sagte- en sitrusvrugte, koejawels, appelkose, olywe, avokadopere en veselperskes. Blomme, heuning, konfyte, kase en talle tuisgemaakte lekkernye word ook in en om Wellington geproduseer.

### Flora en fauna

Vanaf die kruin van Bainskloofpas het 'n mens 'n onverbeterlike panorama van die Swartland en die Kaapse Vlakte met Tafelberg in die verte duidelik sigbaar. Bainskloof lê in die hartjie van die Kaapse blommeryk met 8 600 plantspesies (waarvan 5 800 inheems is). Luiperds, jakkalse, otters, ratels, klipspringers, steenbokkies, grysbokkies en 182 voëlsoorte gedy in die berge en woude om Wellington.

### Stigtersfamilies

Die ou markgebou dateer terug na 1847 en »

Oude Wellington

# Wellington
## Fontein van onderwys

Bainskloofpas

Die Sendinginstituut

Die Hugenote-kollege

die klok in die kloktoring is gebruik om die aanvang van markbedrywighede aan te kondig. Onder die stigtersfamilies van Wellington is die Retiefs, Bosmans, Cillié's en die Malans.

### Andrew Murray

Andrew Murray was van 1871 tot 1906 die predikant van die NG Kerk in Wellington. Ná sy aftrede het hy aktief bly preek, onderrig en skryf tot en met sy dood in 1917. Die meeste van sy skryfwerk is gedurende hierdie produktiefste tyd van sy bediening voltooi. In 1874 is die Hugenote-seminarium geopen. Die oudste onderwysopleidingskollege in Suid-Afrika, die Hugenote-kollege, is in 1896 in Wellington geopen. Gegradueerdes van hier het oral in Suidelike Afrika skole gevestig.

### Afrika-instituut

In 1877 het Andrew Murray die Afrika-instituut gestig wat honderde sendelinge opgelei het. Die slagspreuk van die instituut was 'Afrika vir Christus!' In 1889 het Andrew Murray die South Africa General Mission (SAGM) gestig. Dit het in 1965 van naam verander na Africa Evangelistic Fellowship. AEF het in 1998 met Serving In Mission (SIM) saamgesmelt en bestaan vandag steeds.

### Herlewingsentrum

Wellington word argitektonies oorheers deur die manjifieke NG Kerk aan die bopunt van Hoofstraat met 'n prominente standbeeld van dr. Andrew Murray voor die kerk. Dr. Andrew Murray en die NG Kerk in Wellington het 'n sentrale rol in die geestelike herlewing gespeel wat in die 1860' en 1870's oral in die Kaapkolonie plaasgevind het.

### Die kerk

Die hoeksteen van die NG Kerk is in 1838 gelê. Die eerste gedeelte van die gebou is in 1840 voltooi. Die konsistorie is twee jaar later aangebou. In 1861 is twee vleuels aangebou om die dramatiese toename in kerkbywoning te hanteer. Die kerktoring is in 1895 voltooi. Andrew Murray het daarop aangedring dat daar vir elke Pond wat aan die toring bestee is, 'n soortgelyke skenking aan die sendingsaak gemaak moes word. Die standbeeld wat hulde bring aan die sentrale rol wat Andrew Murray in sy opvoedkundige en sendingwerk gespeel het, is in 1923 opgerig.

**Wellington se ryke intellektuele en akademiese kultuur lok elke jaar 2 300 studente van oral in land om by hierdie verskeie tersiêre instellings te kom studeer.**

### Juweel van die Boland

Dikwels beskryf as die juweel van die Boland, word Wellington omring deur die majestueuse Hawequaberge en die Groenberg, skilderagtige roetes, uitsonderlike sportgeriewe en 'n uitstekende gasvryheidbedryf. 'n Besoek aan die Wellingtonmuseum en NG Kerk is 'n hoogtepunt. ■

**DR PETER HAMMOND** *is 'n sendeling, outeur en konferensiespreker. Skakel: 021 689 4480; mission@frontline.org.za; www.ReformationSA.org*